# Laerskool Eligwa

21 November 2024

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 15 VAN 2024

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

1. **AKADEMIE**
U kind sal 'n vorderingsverslag op Woensdag, 11 Desember 2024 ontvang. Die vorderingsverslae kan tussen 07:00 en 07:30 by die registerpersoneel afgehaal word.

2. **PERSONEELSAKE**
Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Me. Alzaan Labuschagne wat haar pos verruil vir die privaatsektor. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit.

3. **KOMMUNIKASIE**
Indien u per e-pos met die skool wil kommunikeer, gebruik asseblief die volgende e-pos adresse:
Vir algemene navrae: admin@eligwa.co.za
Vir alle nuwe inskrywings: navrae@eligwa.co.za
Hoof en finansies: lseligwa@eligwa.co.za
Buitemuurse prestasies: webblad@eligwa.co.za

4. **SKOOLFONDS**
Na die begrotingsvergadering wat gehou is op Woensdag, 20 November 2024, word die skoolfonds vir 2025 aan u deurgegee. (sien aangehegde bylaag)
Baie dankie vir u positiewe ondersteuning ten opsigte van bogenoemde. Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor op Woensdag, 11 Desember 2024 om 12:00 sal sluit en eers weer op Maandag, 13 Januarie 2025 sal oopmaak.

5. **EERSTE SKOOLDAG 2025**
Dit is baie belangrik dat u van die volgende moet kennis neem:
14 Januarie 2025 - Gr. RR, R en 1- leerlinge begin met gewone klere.
Gr. RR en R-ouers en kinders meld aan by die krieketnette by die Gr. R-lokale om 07:30. Parkeer op die B-rugbyveld.
Gr. 1- ouers en leerlinge in die skoolsaal om 07:30.
Parkeer op die B-rugbyveld.
Ons gaan ook op 14 Januarie 2025 individuele foto's neem van die Gr. RR en Gr. R-leerders.

15 Januarie 2025 - Gr.1- leerlinge gaan direk na hulle klasse toe.
Gr. 2 en 3- leerlinge gaan na die saal toe.
Al die Gr. 4 tot 7-leerlinge gaan na die pawiljoen toe.

6. **KLEREBANK**
Indien u van u kinders se ou klere wil ontslae raak (veral Gr. 7- leerders), is u welkom om dit aan die klerebank te skenk vir behoeftige leerlinge. Kontak gerus vir Christelle Fourie by 0760769294 wat in beheer is van die klerebank.

7. **LEERDER ONDERSTEUNINGSMATERIAAL (LOM-FOOI) 2025**
LOM-fooi van R350 moet voor of op 29 November 2024 betaal word sodat u kind se plek verseker is.

8. **PRESTASIE-GELEENTHEID**
Die Prestasie-aand vind plaas op Woensdag, 27 November 2024 om 18:00 by River of Life. Die leerlinge sal op Dinsdag, 26 November 2024 die uitnodigings ontvang.

9. **PRESTASIE FOTO'S**
Daar gaan tydens die Prestasie-geleentheid weer foto's van die leerders geneem word. 'n Foto-bestelvorm word saam met u kind se uitnodiging aan u gestuur. Neem asseblief kennis van die afsnydatum van bestellings en betaling wat op die bestelvorm aangedui word. Bestellings en die kontant moet by u kind se registeronderwyser ingehandig word. Slegs foto's op bestelling word ontwikkel. U kind sal sy / haar foto saam met sy / haar vorderingsverslag ontvang.

10. **KLASPLASINGS**
Neem kennis dat klasplasings vir 2025 per rekenaar geskied het. Ons kan dus nie aan versoeke voldoen om sekere leerlinge by spesifieke onderwysers te plaas nie. Alle onderwysers is ten volle gekwalifiseer en elkeen sal sy/haar bes doen om u kind te akkommodeer en gelukkig te hou. Byvoorbaat dankie vir u begrip in die verband.

11. **DEBIETORDERSTELSEL 2025**
Ouers wat belangstel om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak, moet asseblief die nodige dokumentasie by die kantoor kom afhaal of e-pos stuur aan lseligwa@eligwa.co.za (vir aandag Elize van Wyk). Sy sal die vorm dan vir u aanstuur. Dit strek oor 12 maande en u kwalifiseer vir 2,5% korting op u skoolfonds. Die vorms Moet asseblief voor of op 29 November 2024 by Mev. Elize van Wyk ingehandig word. Die debietorders sal gedurende Desember 2024 ingevoer word om dan in Januarie 2025 inwerking te tree.

**BESTAANDE DEBIETORDERS WORD OUTOMATIES AANGEPAS VIR 2025**

12. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**
Baie geluk aan Christine Otto, Keegan van Aswegen en Dante Botha wat gekies is vir die D8- hokkiespan vir 2025. Ons is voorwaar trots op julle.

13. **RUGBYRAAI**
Daar was slegs 1 korrekte inskrywing gewees. Baie geluk aan Jason Erasmus wat die groot prys gewen het. Geniet die verblyf by die Emerald River Resort. Dankie aan almal se ondersteuning.

14. **SKOOLSLUITING**

Die skool heropen weer op Woensdag, 15 Januarie 2025 vir die leerders. Mag u 'n geseënde Christusfees ervaar en 'n voorspoedige 2025 word u toegewens. Geniet die rustyd saam met u kinders.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za

# LAERSKOOL ELIGWA
## 2025

<table>
<tr><td colspan="5">SKOOLGELD VIR 2025<br>UITEENSETTING VAN SKOOLGELD SOOS IN BEGROTING</td></tr>
<tr><td><u>Aantal leerders</u></td><td><u>Skoolfonds</u></td><td><u>Administrasiegeld</u></td><td><u>Balans</u></td><td><u>Paaiement per maand oor 11 maande</u></td></tr>
<tr><td>1 Leerling</td><td>R10 250-00</td><td>R350-00</td><td>R9 900-00</td><td>R900-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R9 900-00 – 8% (R792) = R9 108-00</td></tr>
<tr><td>2 Leerlinge</td><td>R20 500-00</td><td>R700-00</td><td>R19 800-00</td><td>R1 800-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R19 800-00 – 8% (R1 584) = R18 216-00</td></tr>
<tr><td>3 Leerlinge</td><td>R30 750-00</td><td>R1 050-00</td><td>R29 700-00</td><td>R2 700-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R29 700-00 – 8% (R2 376-00) = R27 324-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u van die debietorderstelsel gebruik maak oor 12 MAANDE is die korting 2,5%<br>1 kind = R805-00 per maand 2 kinders = R1 610-00 3 kinders = R2 414-00</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td colspan="5">GRAAD R & RR</td></tr>
<tr><td><u>Aantal leerders</u></td><td><u>Skoolfonds</u></td><td><u>Administrasiegeld</u></td><td><u>Balans</u></td><td><u>Paaiement per maand oor 11 maande</u></td></tr>
<tr><td>1 Leerling</td><td>R11 350-00</td><td>R350-00</td><td>R11 000-00</td><td>R1000-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R11 000 – 8% (R880-00) = R10 120-00</td></tr>
<tr><td>2 Leerlinge</td><td>R22 700-00</td><td>R700-00</td><td>R22 000-00</td><td>R2 000-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R22 000-00 – 8% (R1 760-00) = R20 240-00</td></tr>
<tr><td colspan="5">Indien u van die debietorderstelsel gebruik maak oor 12 MAANDE is die korting 2,5%<br>1 kind = R895-00 2 kinders = R1 790-00</td></tr>
</table>